

21 Oktober

Volharding leer ons om ons aan God se genade te behelp

Skrifgedeelte: Filippense 4:2-20

Fokusgedeelte: Filippense 4:4(a), 11(b) en Jakobus 1:3-4

Beproewing is nooit lekker nie! Veral nie as jy dit self wil hanteer nie. Paulus sit in die tronk – met homself gaan dit dus nie baie goed nie – en die Here laat hom 'n brief aan die gemeente in Filippi skryf met die tema: *Wees altyd bly in die Here*. Ons kan en moet altyd bly wees in die Here, want Hy is NABY! Hy sorg vir alles. Jy kan Hom vertrou. Jy kan vir Hom sê hoe jy voel. Jy kan en mag vir Hom sê dat die beproewing en jou swaarkry nie lekker is nie.

Hoe het Paulus dit reggekry om ten spyte van sy eie omstandighede – omstandighede waarin hy self swaar gekry het – ander te kon bemoedig? Wat is sy resep om staande te bly en nie in opstand te kom teen sy omstandighede nie? Hy sê: “... *want ek het geleer om my onder alle omstandighede te behelp.*” Die OAV stel dit dat hy geleer het om *vergenoeg te wees met die omstandighede waarin hy is*.

Hoe het Paulus dit geleer? God het hom geleer om nie self sy beproewing te wil hanteer nie, maar toe te laat dat God sy geloof beproef en hom tot alles in staat te maak in God se krag. Dié krag waarin hy in staat is om hom aan God se genade te behelp.

Kyk na jou beproewing! Sien jy, dit is nie so erg nie! God is naby. Gister kon jy jou behelp aan sy genade, so waarom nie vandag ook nie?

Sing: Psalm 138:4

Ds. MP Fourie (Aliwal-Noord)